



Be a reading home! ★

Is your home a reading home? Are stories part of your family's daily life? Reading to your children helps them to discover the magic of books. When you read to your children, you teach them that books allow us to explore other people's lives and to go on adventures to different places without ever leaving our homes!

If your children only read at school and when they do homework, then they will learn to link reading with work and not with pleasure. We need to read

to our children, if we want them to learn that reading can be an enjoyable and entertaining activity. Knowing this is what inspires them to want to read – and then to read more and more. And, this is how they establish a satisfying lifelong relationship with books and reading. What's more, there are lots of research studies to show that the more children read at home, the better they do at school.

But reading to your children can't just happen once or twice. It needs to be one of the regular activities in your home. Here are three tips to help you make reading a part of your family's daily life.

- ☺ **Be a role model.** When your children see you reading on a regular basis, they learn that reading is important, without you ever having to actually tell them this! Talk to your children about what you are reading and encourage them to ask questions about it. Then talk to them about books that they enjoy.

- ☺ **If you want them to read, read to them.**

Decide on a time of day that you will sit with your children and enjoy a book together – and then, do this every day for at least 15 minutes! Spending quiet, relaxing times reading together, helps you connect with your children while you develop their language ability, vocabulary and reading skills at the same time.

- ☺ **Develop children's confidence.** Value your children's attempts to read, just like you valued their first spoken words! Give them lots of support to develop their confidence – that's half the battle with learning. Encourage them to read to you. Listen to their pretend reading. Let them try to read something that they choose – even if it is a little difficult for them. Unless they ask you for help, just enjoy listening to them read, without correcting them. When children behave like readers they *become* readers.

Skep 'n huis waarin daar gelees word! ★

Is jou huis 'n huis waar daar gelees word? Is stories deel van jou gesin se daaglikse roetine? Om vir jou kinders te lees help hulle om die wonder van boeke te ontdek. Wanneer jy vir jou kinders lees, leer jy hulle dat boeke dit vir ons moontlik maak om ander mense se lewens te verken en avonture op verskillende plekke te beleef, sonder om ooit ons huise te verlaat!

As jou kinders slegs by die skool lees en wanneer hulle hul huiswerk doen, sal hulle leer om lees met werk te assosieer, en nie met plesier nie. Ons moet vir ons kinders lees as ons wil hê hulle moet leer dat lees 'n genotvolle en vermaaklike aktiwiteit kan wees. As hulle dit weet, sal dit hulle inspireer om te lees – en om dan meer en meer te lees. En dit is hoe hulle 'n bevredigende lewenslange verhouding met boeke en lees bou. Boonop is daar baie navorsingstudies wat toon dat hoe meer kinders by die huis lees, hoe beter vaar hulle op skool.

Maar lees vir jou kinders kan nie net iets wees wat jy een of twee keer doen nie. Dit moet een van die gereelde aktiwiteite in julle huis wees. Hier volg drie wenke om jou te help om lees deel van jou gesin se daaglikse roetine te maak.

- ☺ **Wees 'n rolmodel.** Wanneer jou kinders jou gereeld sien lees, leer hulle dat lees belangrik is, sonder dat jy dit ooit regtig vir hulle hoef te sê! Praat met jou kinders oor wat jy lees en moedig hulle aan om vrae daaroor te vra. Gesels ook met hulle oor boeke wat hulle geniet.

- ☺ **As jy wil hê hulle moet lees, lees vir hulle.**

Besluit op 'n tyd van die dag wanneer jy by jou kinders kan sit en julle saam 'n boek kan geniet – en doen dit dan elke dag vir minstens 15 minute! Om stil, rustige tye saam deur te bring help jou om 'n band met jou kinders te bou terwyl jy terselfdertyd hul taalvermoë, woordeskate en leesvaardighede ontwikkel.

- ☺ **Ontwikkel jou kinders se selfvertroue.** Toon jou waardering vir jou kinders se pogings om te lees, net soos jy waardering getoon het vir die eerste woorde wat hulle gesê het! Gee hulle baie ondersteuning om hulle selfvertroue te ontwikkel – dan is die stryd half gewonne as dit by leer kom. Moedig hulle aan om vir jou te lees. Luister hoe hulle maak of hulle lees. Laat hulle iets probeer lees wat hulle kies – selfs al is dit 'n bietjie te moeilik vir hulle. Tensy hulle jou hulp vra, geniet dit net om te luister hoe hulle lees, sonder om hulle reg te help. Wanneer kinders soos lesers optree, *word* hulle lesers.



We will be taking a break until the week of **23 October 2016**. Join us then for more Nalibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die week van **23 Oktober 2016**. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nalibali-leesplezier!



Drive your imagination

Story Power.
Anywhere. Anytime. Anyone.
Oral. Altyd. Almal.

Nalibali
It starts with a story...

Nal'ibali news

On 1 June 2016, Nal'ibali celebrated its fourth birthday and used this occasion to launch its FUNda Leader Campaign – a new campaign aimed at building a reading culture in South Africa – at the historic Homecoming Centre in District Six, Cape Town.

"We would like to encourage all South Africans to get stuck into this campaign and use stories and reading to help children reach their full potential. Every child deserves this opportunity, and the FUNda Leader Campaign is a simple way of giving it to them," said Jade Jacobsohn, Managing Director of Nal'ibali.

The FUNda Leader Campaign encourages ordinary South Africans to become literacy role models for children. The campaign wants us all to find ways to make storytelling and reading part of children's lives. We can do this by sharing stories and books with children in fun and meaningful ways, while making sure to include stories in the children's mother tongues.

At the special launch event on International Children's Day (1 June), Nal'ibali staff and guests were joined by four FUNda Leader ambassadors:

- ★ award-winning South African actress, Denise Newman
- ★ literacy activist and founder of the literacy NGO, Imbewu Yobomi, Mzwandile Lugogo
- ★ community activist, and founder and director of the community organisation, Township Roots, Bulelani Futshane
- ★ well-known illustrator and the artist behind *Madam and Eve*, Rico Schacherl, who has worked with us since 2012 to create the much-loved Nal'ibali characters.

The ambassadors shared some of their reading memories with the audience and also the reasons why they believe that reading has the power to change individual lives and society.

Next, a huge birthday cake with lit candles was brought in for Nal'ibali's Training Co-ordinator, Ntombizanele Mahobe, to blow out. Then it was time to sing happy birthday to Nal'ibali (in three languages!) before everyone got to experience some of the Nal'ibali reading-for-enjoyment activities that form part of what reading clubs do regularly.

It was a fun and inspiring way to celebrate our fourth birthday!

Nal'ibali-nuus

Op 1 Junie 2016 het Nal'ibali hul vierde verjaardag gevier, en hierdie geleentheid gebruik om hul FUNda Leader-veldtog – 'n nuwe veldtog wat daarop gemik is om 'n leeskultuur in Suid-Afrika te bou – by die historiese Homecoming Centre in Distrik Ses in Kaapstad, te loods.

"Ons wil graag alle Suid-Afrikaners aanmoedig om betrokke te raak by hierdie veldtog, en stories en lees te gebruik om kinders te help om hul volle potensiaal te bereik. Elke kind verdien hierdie geleentheid, en die FUNda Leader-veldtog is 'n eenvoudige manier om dit vir hulle te bied," het Jade Jacobsohn, Besturende Direkteur van Nal'ibali, gesê.

Die FUNda Leader-veldtog moedig gewone Suid-Afrikaners aan om geletterdheidsrolmodelle vir kinders te word. Die veldtog se doel is dat ons almal maniere moet vind om lees en die vertel van stories deel van kinders se lewens te maak. Ons kan dit doen deur stories en boeke op prettige en sinvolle maniere met kinders te deel, terwyl ons seker maak dat ons stories in die kinders se moedertale insluit.

By die spesiale bekendstellingsgeleentheid op Internasionale Kinderdag (1 Junie) het vier FUNda Leader-ambassadeurs by die Nal'ibali-personeel en gaste aangesluit. Hulle was:

- ★ Denise Newman, bekroonde Suid-Afrikaanse aktrise
- ★ Mzwandile Lugogo, geletterdheidsaktivis en stigter van die nie-regeringsorganisasie, Imbewu Yobomi, wat hul beywer vir geletterdheid
- ★ Bulelani Futshane, gemeenskapsaktivis, en stigter en direkteur van die gemeenskapsorganisasie, Township Roots
- ★ Rico Schacherl, bekende illustreerder en die kunstenaar agter *Madam and Eve*, wat sedert 2012 saam met ons werk om die uiters geliefde Nal'ibali-karakters te skep.

Die ambassadeurs het van hul leesherrinneringe met die gehoor gedeel, en ook die redes waarom hulle glo dat lees die krag het om individuele lewens en die samelewing te verander.

Daarna is 'n reuse verjaardagkoek met kersies ingebring, en Nal'ibali se Opleidingskoördineerder, Ntombizanele Mahobe, het die kersies doodgeblaas. Toe was dit tyd om (in drie tale!) vir Nal'ibali te sing voordat almal die kans gekry het om van Nal'ibali se lees-vir-genot-aktiwiteite te ervaar, wat deel vorm van wat leesklubs gereeld doen.

Dit was 'n prettige en inspirerende manier om ons vierde verjaardag te vier!



Drive your
imagination



Nal'ibali's birthday cake.

Nal'ibali se verjaardagkoek.



Some of the children with Neo at the FUNda Leader launch.

Van die kinders saam met Neo by die FUNda Leader-bekendstelling.



Some of the audience in their FUNda Leader T-shirts.

Lede van die gehoor in hul FUNda Leader T-hemde.

2015 Story Bosso winner, Athandiwe Sikade, entertained everyone with her storytelling talents.

2015 se Story Bosso-wenner, Athandiwe Sikade, het almal met haar storievertelente vermaak.

Be a FUNda Leader

If you're ready to stand up and be a FUNda Leader, get in touch with Nal'ibali right away! Simply join by signing up on the Nal'ibali website: www.nalibali.org. Or, contact us by email on info@nalibali.org, or by phoning us on **02 11 804080**.

Once you've signed up:

- Then, Nal'ibali will give you the training and support you need to do simple things to grow literacy, and we'll proudly keep a record of all the great things you do!
- You'll be able to share your FUNda Leader experiences and photographs on Nal'ibali's social media platforms so that everyone can see what you're doing.
- Through social media we'll connect you with other FUNda Leaders so that you can share ideas, work together or just grow your network of people who are as passionate about helping children develop a love of reading as you are.
- Active FUNda Leaders will get special offers and be able to enter competitions. They could also have the opportunity to attend the annual conference of the FUNda Leader network.



FUNda
LEADER

Wees 'n FUNda Leader

As jy gereed is om op te staan en 'n FUNda Leader te wees, kom onmiddellik in aanraking met Nal'ibali! Sluit aan deur op die Nal'ibali-webwerf, www.nalibali.org, in te skryf. Of kontak ons via e-pos by info@nalibali.org, of bel ons by **02 11 804080**.

Sodra jy aangesluit het:

- Sal Nal'ibali jou die opleiding en ondersteuning gee wat jy nodig het om eenvoudige dinge te doen om geleterdheid te bevorder, en ons sal trots 'n rekord hou van al die wonderlike dinge wat jy doen!
- Sal jy jou ervarings en foto's as FUNda Leader op Nal'ibali se sosialemedia-plaforms kan deel sodat almal kan sien wat jy doen.
- Sal ons jou deur sosiale media in aanraking bring met ander FUNda Leaders sodat julle idees kan deel, kan saamwerk, of bloot jul netwerk kan uitbrei van mense wat net so passievol daarvoor is om kinders te help om 'n liefde vir lees te kweek.
- Sal aktiewe FUNda Leaders spesiale aanbiedinge ontvang en vir kompetisies kan inskryf. Hulle sal ook die geleentheid kry om die jaarlikse konferensie van die FUNda Leader-netwerk by te woon.



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep books, *Helga's big splash*, (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *Tam on top* (pages 9 and 10), as well as the Story Corner story, *A ghost in Granny's pyjamas* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.

Helga's big splash

This is a story about accepting yourself and knowing who you are. It is about a hippopotamus, Helga, who becomes unhappy when she tries to be what she thinks the other animals want her to be, instead of just being herself!



- ★ Let your children talk about what they know about hippos. Then read the information in the "Did you know?" box on this page together. Encourage them to find more information about hippos on the Internet or in books.
- ★ Discuss these questions with your children: Are hippos supposed to be thin? What else could Helga have said or done when Bartholomew called her fat? Do you think the other animals did the right thing when they agreed with him?
- ★ Invite the children at your reading club (or in your class) to do a television news report on what happens in the story. Divide the children into groups so that there is a news reader, a reporter (who interviews characters from the story), Helga, Bartholomew and a couple of the other animals in each group.

DID YOU KNOW?

- 📎 Hippopotamuses have short legs, a huge mouth and a body shaped like a barrel.
- 📎 Most hippos live for about 45 years.
- 📎 Hippopotamuses are land animals, but they spend a large amount of time in water, such as rivers, lakes and swamps. Resting in water helps keep a hippo's body temperature down. They even give birth in water.

Tam on top

Tam's friends say she is too small to play soccer with them, but then they realise that small is good when they need her to reach their ball that is stuck on the roof!

Discuss these questions about the story with your children.

- ★ How do you think Tam felt when Sam and Zen said she couldn't play soccer with everyone?
- ★ If you had been one of Sam and Zeb's friends, what would you have said or done when they said this?
- ★ What else could Tam have said or done when they wanted her to climb up to fetch the ball? Why do you think she didn't say or do this?
- ★ What do you think Sam and Zeb might have learnt in this story?



A ghost in Granny's pyjamas

- ★ In the story, Onke's dog, Puppy was dreaming. Encourage your children to draw a picture of Puppy fast asleep and then ask them to add a thought bubble with a picture in it to show what Puppy was dreaming about.
- ★ Suggest that you children write or tell their own scary stories about something that happens at night.



Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Helga se groot plons*, (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Tam is tops* (bladsye 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *'n Spook in Ouma se pajamas* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



Helga se groot plons

Dit is 'n storie wat daaroor gaan om jouself te aanvaar en te weet wie jy is. Dit gaan oor 'n seekoei, Helga, wat ongelukkig raak wanneer sy probeer wees wat sy dink die ander diere wil hê sy moet wees, in plaas daarvan om net haarself te wees!

- ★ Laat jou kinders gesels oor dit wat hulle van seekoeie weet. Lees dan saam die inligting in die "Het jy geweet?"-kassie op hierdie bladsy. Moedig hulle aan om meer inligting oor seekoeie op die internet of in boeke te vind.
- ★ Bespreek die volgende vrae met jou kinders: Is seekoeie veronderstel om maer te wees? Wat anders kon Helga gesê of gedoen het toe Bartholomew gesê het sy is vet? Dink julle die ander diere het die regte ding gedoen toe hulle met hom saamgestem het?
- ★ Nooi die kinders by jou leesklub (of in jou klas) om 'n televisienuusverslag te doen oor wat in die storie gebeur. Verdeel die kinders in groepe sodat daar 'n nuusleser, 'n verslaggewer (wat onderhoude met karakters in die storie voer), Helga, Bartholomew en 'n paar van die ander diere in elke groep is.

HET JY GEWEET?

- 📎 Seekoeie het kort bene, 'n baie groot bek en 'n lyf wat soos 'n balie lyk.
- 📎 Die meeste seekoeie word ongeveer 45 jaar oud.
- 📎 Seekoeie is landdiere, maar hulle bring baie tyd in die water deur, soos in riviere, mere en moerasse. Om in die water te rus, laat 'n seekoei se liggaamstemperatuur daal. Hulle gee selfs geboorte in die water.

Tam is tops

Tam se maats sê sy is te klein om saam met hulle sokker te speel, maar dan besef hulle dit is goed om klein te wees toe hulle haar nodig kry om die bal wat op die dak vassit, by te kom!

Bespreek hierdie vrae oor die storie met jou kinders.

- ★ Hoe dink jy het Tam gevoel toe Sam en Zeb gesê het sy kan nie saam met hulle sokker speel nie?
- ★ As jy een van Sam en Zeb se maats was, wat sou jy gesê of gedoen het toe hulle dit gesê het?
- ★ Wat anders kon Tam gesê of gedoen het toe hulle wou hê sy moes help om die bal te gaan haal? Waarom dink julle het sy dit nie gesê of gedoen nie?
- ★ Wat dink julle het Sam en Zeb uit hierdie storie geleer?

'n Spook in Ouma se pajamas

- ★ In hierdie storie droom Onke se hond, Puppy. Moedig jou kinders aan om 'n prent te teken van Puppy wat vas slaap en vra hulle dan om 'n denkborrel met 'n prent daarin te teken om te wys waarvan Puppy droom.
- ★ Stel voor dat jou kinders hulle eie bangmaakstories oor iets wat snags gebeur, skryf of vertel.

Create TWO cut-out-and-keep books

Tam on top

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Helga's big splash

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Tam is tops


1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Helga se groot plons

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination



She stayed at home and exercised on her new exercise machines.
 Sy bly by die huis en oefen op haar nuwe oefenmasjiene.



and touch-your-toes.
 en raak aan haar tone.



star-jumps
 sterspronge



She did sit-ups,
 Sy doen opsitte,

Helga's big splash Helga se groot plons



Matthew Kalil
 Archie Collier

Visit Helga at her website:
<http://helgasbigsplash.wix.com/helga>
 Like her on Facebook.
 Follow her on Twitter.

AND...

Help the next book happen through our crowd fund:

Walter Cleans Up



contact@matthewkalil.com for any more information.

Buy an e-version of Helga at:
<https://www.amazon.com/dp/B01D04DOPE>

A story about
 accepting
 yourself and the
 splash you make!



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



No one had ever called Helga FAT before. She was so upset that she crept straight home and went to sleep without any supper. The next day she woke up early and went for a jog.

Niemand het nog ooit vir Helga gesê sy is VET nie. Sy is so ontsteld dat sy reguit huis toe sliep en gaan slaap sonder om aandete te eet.

Die volgende oggend word sy vroeg wakker en gaan draf 'n entjie.



Helga, the pink hippopotamus, lived happily on the banks of a river in Africa. Every morning, when she woke up, she waddled down to the waterhole where all the other animals were waiting.

Helga, die pienk seekoei, woon gelukkig op die walle van 'n rivier in Afrika. Elke oggend wanneer sy wakker word, waggel sy af na die watergat toe waar al die ander diere wag.



She didn't eat any breakfast or any lunch, and she only had one leaf for supper. But hippos love food, so the thinner Helga got, the sadder she got. And the sadder she got, the thinner she wanted to be ...



Sy eet niks vir ontbyt of middagete nie, en eet net een blaar vir aandete. Maar seekoeie eet graag, en hoe maerder Helga word, hoe treuiger word sy. En hoe treuiger sy word, hoe maerder wil sy wees ...



Walter, the warhog,
made an unhappy
snorting sound with
his snout.

Walter, die vlakvark,
snork ontevrede met
sy snoet.



Then Bartholomew, the baboon, said, "Helga,
I have to say that you are far too fat to be jumping
about in the water."

All the other animals agreed.


Toe sê Bartholomew, die
bobbelaar: "Helga, jy is
hopeloos te vet om so in
die water te spring."

Al die ander diere stem saam.



Van daardie dag af eet Helga gesond en sy
oefen gereeld, en vir die res van haar lewe
was sy gelukkig met haar seekoeilyf.

From that day on, Helga ate healthily and
exercised regularly and had a happy, hippo
figure for the rest of her life.



One morning, a thin-looking hippopotamus crept
down to the waterhole, and silently slid into the water,
without making a single splash.

"Is that Helga?" whispered the other animals. "It
can't be."

Suddenly the thin-looking
hippopotamus snapped,
"Yes, it is me. Now leave
me alone!"

The other animals did not
know what to say.

Een oggend sluip 'n maer
seekoel na die watergat toe en
gely geluidloos in die water in,
sonder om 'n druppel water te

laat spat.

"Is dit Helga?" fluister die ander diere. "Dit kan nie
wees nie."

Stielik snou die maer seekoel hulle toe: "Ja, dit is ek.
Los my nou uit!"

Die ander diere weet nie wat om te sê nie.



Een koue oggend wil die diere nie natgespat word nie – hulle wil glad nie natgespat word nie. Maar voor enigiemand haar kan keer, spring Helga in die lug op en land, *kaplaks*, in die water.

“Helga!” skree al die diere kawaii.


Gemima, die kameelpierd, draai haar lang, sopnat nek weg van Helga af.



One cold morning the animals didn't want to be splashed – they didn't want to get splashed at all. But before anyone could stop her, Helga jumped into the air and landed, *kersplooosshh*, in the water.

“Helga!” shouted the animals in a mean way.

Gemima, the giraffe, turned her long, soaking neck away from Helga.



Then Bartholomew said, “Helga, you are a hippo. We loved you the way you were, eating and splashing.” “You did?” asked Helga. “But you said I was fat.” “We didn’t mean it,” said Gemima.

... and landed in the water.
Kersplooosshh!

“Helga!” cheered the animals as they smiled. But Helga’s smile was the biggest of them all.

... en land in die water.
Kaplaks!

“Helga!” juig die diere en glimlag. Maar Helga glimlag die breedste van almal.



The children tried to get the ball, but they couldn't reach it.
Die kinders probeer die bal afhaal, maar hulle kan dit nie bykom nie.



Then the ball got stuck. Oh no!
Toe sit die bal op die dak vas. Agge nee!

Tam on top is from the Rainbow Reading series by Cambridge University Press. Rainbow Reading is a graded series for primary schools. It provides a wealth of original stories and factual texts, which will help learners to develop the reading skills and vocabulary they need to meet the requirements of the curriculum – in all learning areas. Rainbow Reading consists of 350 titles which are grouped by level and theme. For further information, visit www.cup.co.za

This version of *Tam on top* has been specially adapted for use in the Nal'ibali Supplement.



Cambridge University Press
P O Box 50017, V&A Waterfront, 8002
Tel 021-4127800 | Fax 021 4198418
Email info@cup.co.za



CAMBRIDGE
UNIVERSITY PRESS
www.cup.co.za

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




Drive your
imagination


CAMBRIDGE

Tam on top

Tam is tops

Kerry Saadien-Raad
Jesse Breytenbach






“You can’t play, Tam,” said Sam.
“You’re too small,” said Zeb.
Tam felt sad.

“Jy kan nie speel nie, Tam,” sê Sam.
“Jy is te klein,” sê Zeb.
Tam is hartseer.

Sam and Zeb had a new ball. They wanted to play soccer. Their friends wanted to play too! Stef and Megan came. Then Dan and Zondi came. And Tam came too.



Sam en Zeb het ’n nuwe bal. Hulle wil sokker speel. Hulle maats wil ook speel! Stef en Megan kom. Toe kom Dan en Zondi ook. En Tam kom ook speel.



“Let’s put Tam on top.”
“Kom ons laat Tam heel bo staan.”



“You be the ref, Tam,” said Sam.
“Let’s play!” shouted Tam.

“Jy kan die skeidsregter wees, Tam,” sê Sam.
“Kom ons speel!” roep Tam.




“Helga!” all the other animals would shout as they got splashed. Helga’s big splash kept everyone cool under the hot African sun.

“Helga!” skree al die ander diere wanneer hulle natgespat word. Helga se geploons en geploons hou almal koel onder die warm Afrika-son.




Daar spring sy in die lug op ...




Toe sê Bartholomew: “Helga, jy is ’n seekoei. Ons het van jou gehou soos jy was, toe jy geëet en geploons en geploons het.”
“Het julle?” vra Helga. “Maar julle het gesê ek is vet.”
“Ons het dit nie bedoel nie,” sê Gemma.



... en land, *kablaaks*, in die water.



... and land, *kersplooshhh*,
in the water.



The next morning, Helga, the pink hippopotamus, wandered down to the waterhole where all the other animals were waiting. She jumped high into the air ...

Die volgende oggend stap Helga, die pienk seekoei, af na die watergat waar al die ander diere wag. Daar spring sy hoog in die lug op ...



"Please eat something," begged Walter. "We want YOU back."
And without delay, they all prepared a picnic for their thin-looking friend. Helga ate and ate and ate until well past her bedtime.

"Eet asseblief iets," smeek Walter. "Ons wil JOU terughê."
En net daar berei hulle 'n picknick voor vir hulle maer vriendin. Helga eet en eet en eet tot lank na haar slaaptyd.



Do you have questions about your children's reading and writing development that you'd like help with? Nal'ibali will answer them for you! Go to the "Ask the Expert" section on our website, www.nalibali.org, and send us your questions.

Here are a few of the questions that people have sent us – as well as our advice to them.

My baby is six months old and since I came across your website, I've been inspired to read to him twice a day! I really love it that I have found an activity to do with my son that gives us both so much pleasure – and I know that it is benefitting him educationally too. I have bought one or two books for him, but I want to get some more. What should I be looking for in the books I buy for my son?

Books with simple pictures or photographs of babies' faces usually work well for babies. Most babies also enjoy books that have songs and rhymes in them. Board books and cloth books can be chewed, pulled and patted without breaking them. They therefore work very well when you want to allow your baby to handle books on his own, like during nappy changes or when he is in his pram during a shopping trip. The nice thing about reading to babies is that repetition and routine makes them feel secure. So, you can read the same book over and over again in exactly the same place each day without boring your baby at all!

What words should a Grade 6 child be able to read?

Children's reading abilities differ quite a lot, so it's not really possible to say what words all Grade 6 children should be able to read. As long as your child understands what he/she is reading, enjoys reading and reads regularly, his/her reading will improve over time. Encourage your child by reading to him/her every day.

How much time should I spend reading to my child?

Children are able to concentrate for different lengths of time depending on different things, like how old they are, how tired they are and how interested they are in the book you're reading to them. We encourage adults to read to children for at least fifteen minutes per day. With some children it might be better to break this up into three sessions of five minutes each. Other children may want you to keep reading to them for an hour! Only read to your children for as long as they are able to concentrate easily. By doing so, you avoid making reading a chore for them and they're more likely to look forward to your reading-together times.



NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:
RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.
SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels na stories te luister op Nal'ibali se radioprogram:
RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.
SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.



Dear Nal'ibali...
Beste Nal'ibali...

Write to Nal'ibali at
The Nal'ibali Trust, Suite 17-201,
Building 17, Waverley Business Park,
Wyecroft Road, Mowbray, 7700, or
at info@nalibali.org.

Skryf aan Nal'ibali by
The Nal'ibali Trust, Suite 17-201,
Gebou 17, Waverley-besigheidsplek,
Wyecroft-weg, Mowbray, 7700,
of by info@nalibali.org.



Het jy vroe oor jou kinders se lees- en skryfontwikkeling waarmee jy hulp nodig het? Nal'ibali sal jou vroe beantwoord! Gaan na die "Ask the Expert"-afdeling op ons webwerf, www.nalibali.org, en stuur jou vroe aan ons.

Hier is 'n paar van die vroe wat mense vir ons gestuur het – en ons advies aan hulle.

My baba is ses maande oud en vandat ek op julle webwerf afgekom het, is ek geïnspireer om twee keer per dag vir hom te lees! Ek hou regtig daarvan dat ek 'n aktiwiteit gevind het wat ek saam met my seun kan doen en wat ons al twee soveel plesier verskaf – en ek weet hy baat ook op opvoedkundige vlak daarby. Ek het een of twee boeke vir hom gekoop, maar ek wil meer aanskaf. Watter soort boeke behoort ek vir my seun te koop?

Boeke met eenvoudige prente of foto's van babas se gesigte werk gewoonlik goed vir babas. Die meeste babas geniet ook boeke met liedjies en rymies. Kartonboeke en lapboeke kan gekou, getrek en gekap word sonder dat dit breek. Hulle werk dus baie goed wanneer jy jou baba wil toelaat om self boeke te hanteer, soos wanneer jy sy doek ruil of wanneer hy in sy stootwaentjie is tydens 'n uitstappie. Die lekker ding van lees vir babas, is dat herhaling en roetine hulle veilig laat voel. Jy kan dus elke dag dieselfde boek op presies dieselfde plek weer en weer lees sonder dat jou baba enigsins verveeld sal raak!

Watter woorde behoort 'n Graad 6-kind te kan lees?

Kinders se leesvermoëns verskil taamlik baie, en dit is daarom nie regtig moontlik om te sê watter woorde alle Graad 6-kinders behoort te kan lees nie. Solank jou kind verstaan wat hy/sy lees, dit geniet om te lees en gereeld lees, sal hy/sy mettertyd beter lees. Moedig jou kind aan deur elke dag vir hom/haar te lees.


Hoe lank moet ek vir my kind lees?

Kinders kan nie almal ewe lank konsentreer nie. Hul konsentrasie verskil afhangende van hoe oud hulle is, hoe moeg hulle is en hoe baie hulle belangstel in die boek wat jy vir hulle lees. Ons moedig volwassenes aan om vir minstens vyftien minute per dag vir kinders te lees. Vir sommige kinders is dit beter om dit in drie sessies van vyf minute elk op te breek. Ander kinders sal dalk wil hê dat jy tot 'n uur lank vir hulle moet lees! Lees slegs vir jou kinders vir so lank as wat hulle met gemak kan konsentreer. Deur dit te doen, keer jy dat lees vir hulle 'n taak word, en hulle sal meer geneig wees om uit te sien na julle saamleestye.



A ghost in Granny's pyjamas

By Kai Tuomi ★ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly



One dark night, Onke was fast asleep in his little bed, in his little room, in the house he shared with Mama, Papa, Granny, and his little pet dog called Puppy. Puppy was asleep on a red blanket at the foot of Onke's bed. She was snoring quietly and dreaming of catching squirrels in the park.

Suddenly Onke heard a loud noise and woke up with a fright. "What's that noise?" he said, shaking. He pulled the blanket over his head. "I hope it's not a monster or a scary ghost. I don't like ghosts."

CRUNCH! "There it is again," he said, trying to sound brave. "I have to find out what made that noise." So Onke picked up the green plastic torch he kept on his bedside table, and shone it around the room.

"Do you think a ghost made that noise?" Onke asked Puppy, who was still fast asleep and dreaming about chasing squirrels. Onke patted her head.

HOO! HOO! A new noise came from outside.

"Is that a ghost?" asked Onke, shining his torch through the window.



A big, fat brown thing, covered in feathers, with a yellow beak, sat on the branch outside. Onke laughed and said, "That's not a ghost. It's just a big owl sitting in the tree outside my room. But I wonder what made that crunching sound?"

HOO! HOO! The big owl spread its wings and flew off across the garden.

"Owls hunt for mice and rats at night, that's why people never get to see them. It's quite lucky to see an owl," said Onke. "Isn't that right, Puppy?"

But Puppy was still fast asleep, so Onke rubbed her furry little tummy and she snored and rolled over on her red blanket.

"Maybe I'm just being silly," thought Onke. But then he saw something dark and scary in a corner of the room. It looked like a big monster with vulture wings and lion's claws and long tusks like a warhog's.

"Is that a ghost?" he said, shining his torch into the corner of the room. Onke laughed when he saw what it really was. "That's not a ghost! It's just my dirty clothes, hanging on a chair. I should have put those away like Mama asked me to. Isn't that right, Puppy?" But Puppy was still fast asleep and was now drooling onto her red blanket.

"But what was that crunching noise I heard earlier?" said Onke. **CRUNCH!** He heard the noise again and shivered. "That must be a ghost," he thought, "and it sounds like it's floating around just outside my room."

Onke was trying to be very brave, even though his knees shook like jelly. He peeked out from behind his bedroom door, and looked into the dark passage.

But there was nothing there, just his parents' shoes next to the wall, and Puppy's water bowl on a little mat. Onke crept along the carpet in the passage, past his parents' bedroom, and peeked into the kitchen.

"It's a ghost!" he shouted, shining his torch onto a black shadow standing near the stove. The ghost wore blue pyjamas with fluffy sheep on them.

"Those are Granny's pyjamas," said Onke. "Why have you stolen Granny's pyjamas, Ghost?" Onke shone his torch up to look at the ghost's face. There was Granny!

"Onke," said Granny, her mouth hanging open in shock. "You gave me such a fright. I thought you were a ghost."

"I thought *you* were a ghost," Onke said, giggling. "What are you doing in the kitchen so late at night, Granny?"

"I couldn't sleep," said Granny, "so I came into the kitchen for a mug of warm milk and some biscuits. Do you want to have a midnight snack with me?" Onke smiled and nodded his head.

So he and Granny sat at the kitchen table chatting quietly as they dunked delicious crunchy butter-biscuits into mugs of warm milk. Then they made a toasted sandwich to share, with pickles, ham, cheese, tomato, and fresh green lettuce.



When they had finished eating and drinking, they brushed their teeth for the second time that evening. Then Onke said goodnight to Granny and went back to his bedroom. As he opened the door, Puppy jumped up and barked.

"Puppy," said Onke, patting her head, "it's only me, you silly dog. Did you think I was a ghost?"

Puppy licked his face and rolled over on her red blanket.

"I solved a mystery tonight. Did you know that, Puppy?" asked Onke.

But Puppy had already curled up and closed her eyes.

"That looks like a good idea," said Onke. "Goodnight, Puppy."

"Goodnight," said a friendly ghost on the ceiling, who was just passing through the house looking for warm milk and biscuits to eat.

But Onke was already fast asleep.



'n Spook in Ouma se pajamas

Deur Kai Tuomi ★ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Een donker nag is Onke vas aan die slaap in sy klein bedjie, in sy klein kamertjie, in die huis wat hy met Mamma, Pappa, Ouma en sy klein hondjie, Puppy, deel. Puppy slaap op 'n rooi kombers aan die voetenent van Onke se bed. Sy snork saggies en droom dat sy eekhorings in die park jaag.

Skielik hoor Onke 'n harde geluid en hy skrik vervaard wakker. "Wat was daardie geluid?" sê hy, bewend. Hy trek die kombers oor sy kop. "Ek hoop nie dit is 'n monster of 'n bangmaakspook nie. Ek hou nie van spoke nie."

KRAAK! "Daar's dit weer," sê hy, en probeer dapper klink. "Ek moet uitvind waar daardie geluid vandaan kom." Onke tel die groen plastiekflits, wat hy op sy bedkassie bêre, op en skyn met die flits in die kamer rond.

"Dink jy dis 'n spook wat so lawaai?" vra Onke vir Puppy, wat steeds vas slaap en droom dat sy eekhorings jaag. Onke vryf oor haar kop.

HOE! HOE! Nou is daar 'n ander geluid buite.

"Is dit 'n spook?" vra Onke, en skyn met sy flits deur die venster.



'n Groot, vet ding, vol vere, en met 'n geel snawel, sit op die tak buite. Onke lag en sê: "Dis nie 'n spook nie. Dis net 'n groot uil wat in die boom buite my venster sit. Maar ek wonder waar daardie kraakgeluid vandaan kom?"

HOE! HOE! Die groot uil sprei sy vlerke en vlieg weg oor die tuin.

"Uile jag snags muise en rotte, en dis waarom mense hulle nooit sien nie. 'n Mens is nogal gelukkig as jy 'n uil sien," sê Onke. "Nie so nie, Puppy?"

Maar Puppy is in droomland. Onke vryf toe maar haar wollerige magie en sy snork en rol om op haar rooi kombers.

"Dalk is ek somer net laf," dink Onke. Maar dan sien hy iets donker en vreesaanjaend in die hoek van sy kamer. Dit lyk soos 'n groot monster met aasvoëlvlerke en leeucloue en lang tande, soos 'n vlakvark s'n.

"Is dit 'n spook?" sê hy, en skyn met sy flits in die hoek van sy kamer. Onke lag toe hy sien wat dit regtig is. "Dis nie 'n spook nie! Dis net my vuil klere wat oor 'n stoel hang. Ek moes dit weggepak het, soos Mamma my gevra het. Of hoe, Puppy?" Maar Puppy slaap vas en kwyl nou op haar rooi kombers.

"Maar wat is daardie kraakgeluid wat ek netnou gehoor het?" sê Onke. **KRAAK!** Hy hoor weer die geluid en begin bewe. "Dit moet 'n spook wees," dink hy, "en dit klink asof dit net buite my kamer rondswaef."

Onke probeer baie dapper wees, al bewe sy knieë soos jellie. Hy loer agter sy kamerdeur uit, en kyk in die donker gang af.

Maar daar is niks daar nie, net sy ouers se skoene teen die muur, en Puppy se waterbak op 'n klein matjie. Onke kruip op die mat in die gang af, verby sy ouers se slaapkamer, en loer by die kombuis in.

"Dis 'n spook!" skree hy, en skyn sy flits op 'n swart skaduwee wat langs die stoof staan. Die spook dra blou pajamas met wollerige skopies op.

"Dis mos Ouma se pajamas," sê Onke. "Waarom het jy Ouma se pajamas gesteel, Spook?" Onke skyn met sy flits in die spook se gesig. Dis Ouma!

"Onke," sê Ouma, haar mond wawyd oop van skok. "Jy het my nou baie groot laat skrik. Ek het gedink jy's 'n spook."

"Ek het gedink Ouma is 'n spook," sê Onke en giggel. "Wat doen Ouma so laat in die aand in die kombuis?"

"Ek kon nie slaap nie," sê Ouma, "toe kom ek kombuis toe vir 'n beker warm melk en koekies. Wil jy 'n middernaghappie saam met my geniet?" Onke glimlag en knik sy kop.

Hy en Ouma gaan sit by die kombuistafel en gesels saggies terwyl hulle heerlike, bros botterkoekies in bekere warm melk doop. Toe maak hulle 'n geroosterde toebrødjie wat hulle deel, met piekels, ham, kaas, tamatie en vars groen blaarslaai.



Toe hulle klaar geëet en gedrink het, borsel hulle vir die tweede keer daardie aand hul tande. Toe sê Onke vir Ouma goeienag en gaan terug na sy kamer toe. Toe hy die deur oopmaak, spring Puppy op en blaf.

"Puppy," sê Onke, en vryf oor haar kop, "dis net ek, jou lawwe hond. Het jy gedink ek is 'n spook?"

Puppy lek sy gesig en rol om op haar rooi kombers.

"Ek het vanaand 'n raaisel opgelos. Het jy dit geweet, Puppy?" vra Onke.

Maar Puppy het reeds opgekrul en haar oë toegemaak.

"Dit lyk na 'n goeie idee," sê Onke. "Lekker slaap, Puppy."

"Lekker slaap," sê 'n vriendelike spook teen die plafon, wat deur die huis sweef op soek na warm melk en koekies.

Maar Onke is lankal in droomland.

Nal'ibali fun


Use the clues below to help you complete the crossword puzzle about *Helga's big splash*.

DOWN

- The kind of animal Helga was

ACROSS

- A wild animal with a long neck
- A wild animal with a snout
- The wild animal who told Helga that she was too fat
- Where the animals went to drink water
- What Helga made when she jumped into the water – A big _____



Nal'ibali-pret


Gebruik die leidrade hieronder om jou te help om die blokkiesraaisel oor *Helga se groot plons* te voltooi.

AF

- 'n Wilde dier met 'n lang nek

DWARS

- 'n Wilde dier met 'n snoet
- Waar die diere gaan water drink het
- Die soort dier wat Helga is
- Die geluid wat Helga gemaak het toe sy in die water gespring het
- Die wilde dier wat vir Helga gesê het sy is te vet




Antwoorde: 1. kammeelperd, 2. vlakvark, 3. watergat, 4. seekoei, 5. kaplaks, 6. bobbelaan
Answers: 1. hippopotamus, 2. giraffe, 3. warthog, 4. baboon, 5. waterhole, 6. splash

World Gratitude Day is celebrated on 21 September. Read what some of the Nal'ibali characters say they are grateful for. Then write down what you are grateful for on strips of paper. Write one thing on each strip.

I am grateful ...



I am grateful for my dog, Noodle.
Ek is dankbaar vir my hond, Noodle.



I am grateful that I have a mom and dad who read to me.
Ek is dankbaar dat ek 'n mamma en pappa het wat vir my lees.



I am grateful that I am good at making things.
Ek is dankbaar dat ek goed is daarmee om dinge te maak.

I am grateful for my friends.
Ek is dankbaar vir my vriende.



Wêrelddankbaarheidsdag word op 21 September gevier. Lees waarvoor sommige van die Nal'ibali-karakters dankbaar is. Skryf dan op stroke papier neer waarvoor jy dankbaar is. Skryf een ding op elke strook papier.

Ek is dankbaar ...



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Don't forget that we will be taking a break until the week of 23 October 2016. Join us after the school holidays for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.

Onthou dat ons 'n blaaskans neem tot die week van 23 Oktober 2016. Sluit na die skoolvakansie weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier! Gaan intussen na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi vir stories en lees-vir-genot-inspirasie.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your imagination